# Hoofstuk van die dag: Markus 15

> *Josef het ’n stuk linne gekoop, Jesus van die kruis gaan afhaal, Hom in die linne toegedraai en neergelê in ’n graf wat in die rots uitgekap was. (vers 46)*

Dit is insiggewend om te lees hoe Markus oor Jesus se dood

skryf. Die offisier by die kruis was diep getref: “Toe die offisier … Hom die laaste asem só sien uitblaas het, het hy gesê: ‘Hierdie man was werklik die Seun van God.” (vers 39) En Pilatus was verbaas om te hoor dat Hy al dood is (vers 44). Jesus se sterwe was nie die gewone dood van ’n mens wie se liggaam ingegee het nie. Hy het Homself aan die dood oorgegee, en daarom baie gouer gesterf as wat verwag is. Soos met sy hele lewe was Jesus in beheer, ook van sy sterwe.

Al vier Evangelies berig dat Jesus begrawe is, want dit is ’n belangrike gebeurtenis. Sy begrafnis is die bewys dat sy dood nie net skyn was nie. Hy het nie maar net in ’n diep slaap ingegaan en die Sondag weer wakker geword nie. Hy het regtig gesterwe, sodat Hy uit die dood kon opstaan.

Jesus is Oorwinnaar oor graf en dood!


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026